## BOEKBESPREKINGS

Marquard, Leo, *The story of South Africa.* 36s, pp.272, Faber and Faber Limited, London, 1968.

Hierdie derde, hersiene uitgawe van die bekende oorsigtelike geskiedenis van Suid-Afrika deur Leo Marquard, verskil van die vorige uitgawe in dié opsig nl. dat die geskiedenis van S.A. tot 1967 behandel word. Die laaste hoofstuk van die tweede uitgawe, d.w.s. hoofstuk 15, is herskrywe en het twee hoofstukke geword, t.w. hoofstuk 15, *Union and Division* en hoofstuk 16, *Towards the Republic* 1948-1961, terwyl 'n sewentiende hoofstuk, *The Republic* 1961-1967, bygewerk is.

Dikwels gebeur dit dat 'n boek wat die verloop van die geskiedenis tot die huidige behandel, daartoe neig om die eietydse gebeure meer in besonderhede te vertel as die voorgaande. Dit is asof so 'n skrywer perspektief verloor en dan nie meer kan onderskei tussen belangrik en onbelangrik nie. Marquard verval gelukkig nie in hierdie fout nie. Sy boek bly deurgaans strak en oorsigtelik. Natuurlik bly dit die vraag of hy die aksente reg laat val het en daar kan seker kritiek uitgebring word oor sy siening van die huidige tyd, maar dan moet ons onthou dat kritici ook maar te na aan hulle eie tyd staan om 'n finale oordeel te vel.

Hoewel 'n gebore Suid-Afrikaner, het die skrywer hom kennelik van die Suid-Afrikaanse gebeure gedistansieer. Die boek is een van 'n reeks: telkens *The story of . . .* hierdie of daardie land, 'n reeks wat daarop bereken is om aan die Britse leser inligting te verskaf oor die verlede van die onderskeie lande. So het die skrywer dan ook sy taak ten opsigte van Suid-Afrika gesien. Marquard skryf asof dit hom te doen staan om die situasie in Suid-Afrika te verduidelik sonder meer. Maar objektief is hy tog ook nie.

Vir hom staan die rasse-verhoudinge sentraal in die gebeurtenisse van die afgelope jare. Vir wie staan dit nie sentraal nie? Maar hy vertolk egter net die gewone skepsis en twyfel wat skering en inslag is van die gewone buitelandse kritiek oor Suid-Afrika. Hy probeer nie die wese van Apartheid as 'n eerlike poging tot 'n oplossing verduidelik nie. Vir hom bly dit maar 'n bewind van 'n minderheid oor 'n meerderheid: Kenmerkend is die volgende paragraaf waarmee hy die boek afsluit. „Whether the Republic of South Africa will sink into oblivion as an example of a multi-racial state whose citizens failed to adapt themselves, or whether it will become the greatest single force for the maintenance of civilized standards and culture on the continent of Africa, depends primarily on whether her white rulers can associate their non-white subjects in a form of government that is representative of all its inhabitants. That, in turn, depends on whether Afrikaner nationalism can, before it is too late, break down the exclusiveness that it has built around it in its rise to power; can, in fact, cease to regard the interest of the state as identical with those of the Nationalist Party".

F. J. du T. Spies

Immelman, R. F. M. & Quinn, G.D. (eds), *The Preservation and Restoration of Historic Buildings in South Africa.* Pp. 100, 40 ill. R.3.50; A. A. Balkema, Kaapstad, 1968.

In November 1959 het daar in Kaapstad 'n simposium plaasgevind oor die bewaring en restorasie van historiese geboue. Dit was georganiseer deur die Kaapse Provinsiale Instituut van Argitekte, die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging en die Suid-Afrikaanse Museum met die doel om doeltreffende restorasie van belangrike geboue aan te moedig.

Na nege jaar is die lesings en inleidings wat tydens die simposium gelewer is in boekvorm beskikbaar gestel en dit blyk dat die onderwerp aan frisheid en belangrikheid, nog niks verloor het nie.

Ou geboue is soos mense, hulle moet nie net versorg word nie, maar moet ook besig gehou word. Die rede waarom 'n gebou gerestoreer word, is dat dit langer kan bestaan en bewys kan lewer van hoe mense in die verlede gelewe het. Goeie restorasie is nie altyd sonder gevaar nie. Soms is mens geneig om op die oorspronklike gebou te wil verbeter ten einde dit ouer te laat lyk, of die eienaar kan te veel eis en die gebou laat aanpas aan 'n doel waarvoor dit ongeskik is. Die restorasie word partymaal verrig met te min kennis van wat werklik vereis word. Verantwoordelike restorasie behoort onder leiding van een persoon verrig te word, by voorkeur 'n argitek, wat bowendien grondige navorsing gedoen het en oor 'n diepgaande kennis en gevoel vir ou Kaapse geboue beskik. So 'n man sal op die juiste historiese besonderhede let, waarby noukeurig beperk word tot die gebou self sonder onverantwoorde toevoegings. Dit is natuurlik geen gemaklike taak nie: die werkers moet in toom gehou word en druk van buite af moet weerstaan kan word.

Vanselfsprekend het die vraag ontstaan watter gebou nou eintlik vir restorasie en behoud in aanmerking kom en watter nie, wat behoort die standaard van beoordeling te wees? Hieruit blyk weer eens hoe noodsaaklik dit is om 'n behoorlike oorsig te verkry van die belangrike geboue, waarby ouderdom geen deurslag gee nie. Sulke geboue is ook nie tot die Kaapse skiereiland beperk nie, maar so 'n oorsig behoort die hele Suid-Afrika te omvat.

Die aantal gebou wat behoort te bly, moet natuurlik tot 'n redelike aantal beperk bly en hulle moet soveel as moontlik ekonomies aanpas en in hul eie onderhoud kan voorsien. Daar behoort egter ook daarop gelet te word dat geen hoë kantoorgeboue of woonstelle opgerig word in 'n gebied wat vol historiese geboue is nie. Behoud van die omweging, is minstens netso belangrik as die restorasie self.

Wanneer op 'n restorasie besluit word, is daar belangrike oorwegings wat die deurslag kan gee. Die gebou moet van historiese belang wees, of dit moet argitektonies aantreklik wees. Die estetiese belang en die algemene gevoel dat die gebou restorasie regverdig, is dikwels deurslaggewend.

As 'n voorbeeld van klassieke restorasie word verwys na die ou Pastorie in Graaff-Reinet. Die oorsig hiervan deur wyle Norman Eaton, is boeiende leesstof.

Dit is duidelik dat veral gedurende die laaste jare regerings- en munisipale owerhede sowel as die breë publiek, meer en meer bewus geword het van die noodsaaklikheid om belangrike ou geboue te bewaar en te restoreer sodat hulle vir die nageslag behoue kan bly. Die instelling van 'n vereniging soos die *Stigting Simon van der Stel,* asook die *Historiese Huise van Suid-Afrika Beperk*, wat in die klein aantal jare van hulle bestaan, reeds soveel bereik het, is ongetwyfeld 'n stap in die regte rigting.

Tog is omvangryke wetgewing noodsaaklik. Die aantal geboue waaroor ons beskik, is, in vergelyking met party Europese lande, geensins omvangryk nie. Nog altyd is dit te gemaklik vir 'n private eienaar om willekeurige beslissings te neem oor 'n besit wat moreel nie net sy eie is nie, maar wat ook aan die gemeenskap behoort.

Al hierdie probleme, sowel tegnies as andersins, word in hierdie boek duidelik en uitvoering aan die Suid-Afrikaanse publiek gestel. Elkeen wat die belang van ons kulturele erfenis op die hart dra, behoort hierdie boek te lees. Dis jammer dat dit eers na soveel jare kon verskyn. Laat ons hoop dat dit sal bydra tot die behoud van ons historiese geboue.

F. G. E. Nilant.

Fehr, dr. W. (vert.), *Alberti's account of the Xhosa in* 1807. Pp. 132. R5. A. A. Balkema, Kaapstad, 1968.

Hierdie boek is 'n vertaling van die oorspronklike Duitse teks wat in 1965 vir die Fehr-versameling aangekoop is. Net voor sy dood, het dr. Fehr dit voltooi. Die bewerking van die uitgawe is daarna deur F. R. Bradlow behartig, terwyl dr. W. J. de Kock die biografie van J. C. L. Alberti geskryf het.

Alberti is in 1768 in Korbach (Duitsland) gebore en in 1812 in Oos-Indië oorlede. In 1784 sluit hy aan by die Waldeck-regiment en in 1802 kom hy saam met generaal Janssens na die Kaap. Hy bly eers in Kaapstad, maar naderhand vertrek hy oorland na Algoabaai waar hy D. G. van Reenen en kapt. W. B. E. Paravicini di Capelli op 'n kommissie vergesel om met die Xhosa te onderhandel. Later word hy landdros van Uitenhage, die nuwe distrik wat deur kommissaris De Mist gestig is.

Die boek wat hy oor die Xhosa skryf, het in Duits, Frans en Hollands verskyn. Hierdie eerste vertaling in Engels is nie net vanaf die oorspronklike Duitse teks nie, maar is ook met die gedrukte edisies vergelyk. Dit lyk of Alberti reeds heelwat oor die Kaapse naturelle gelees het alvorens hy na die Oostelike Kaap vertrek. Sy uitvoerige inleiding gee hiervan blyk. Hy beskou die Bantoes suid van Delagoabaai as een groep, wat die Hottentotte steeds verder na die Suide gedryf het.

Hy beskryf die voorkoms, voeding, kleding, snuifgewoontes en opvoeding van die naturelle, hul siektes, taal, godsdiens, huislike en sosiale lewe, regering, oorlog en vrede, begrafnisgewoontes en bou van hul woonplek. Hy verduidelik die moeilikhede tussen Gaika en Slambie wat hy as een van die ernstigste oorsake beskou vir die wrywings tussen die Koloniste en die Bantoes. Die oplossing wat hy aan die hand doen, stem grotendeels ooreen met die aanbevelings wat De Mist vir 'n goeie bestuur aan die Kaap doen. Ook Alberti besef die gevaar van gereelde kontak tussen die Hottentotte in die Kolonie en die nie-blanke bevolking buitekant die grense.

Afgesien van sy belangstelling vir die bevolking, het Alberti ook 'n oog vir ander dinge. Hy gee pragtige beskrywings van die landskap, die Wildekus en die binneland.

Hy kies geen kant tussen blank en nie-blank nie en dit is duidelik dat hy die belange van die Koloniste goed raaksien. Hierdie neutrale en regverdige houding van Alberti maak dat die boek vandag nog in verskillende opsigte aktueel gebly het. Dis meer as wat van menige geskrif van sy tydgenote gesê kan word.

Behalwe vier illustrasies in die teks, is daar vier afbeeldings in kleur. Hiervan is drie kleurtekeninge deur Chevalier Otto de Howen en J. M. Smies, en een na 'n tekening deur kapt. Paravicini di Capelli gemaak. Die illustrasies help om dit 'n besonder aantreklike publikasie te maak.

Die boek is 'n besonder welkome en belangrike aanvulling op die literatuur oor 'n tydperk waarvan die beskrywings nie oorvloedig is nie.

F. E. Nilant.

Meiring, J., *Thomas Pringle His Life and Times*. Balkema, Cape Town, 1968.

As a good deal of information about Thomas Pringle, his times, and contemporary life at the Cape has appeared in print it is hardly likely that a new biography will provide much that is fresh, and it seems almost inevitable that Jane Meiring's *Thomas Pringle His Life and Times* should have drawn considerably on what has already been written. Its chief virtue, however, is that it makes accessible to the average reader information which can now become only in comparatively rare Africana or in unpublished manuscripts. What is more, the writer has re-told the story of Pringle with ease and fluency, and also with a commendable sense of balance and fairness. Though

Lord Charles Somerset is the villain of the piece, as he has been traditionally regarded the more valuable aspects of his influence are noted, and Pringle's hasty actions and recklessness are considered to have contributed to his own downfall as well as Lord Charles's, his subsequent obsession with the circumstances of his fight with Somerset producing in him "a pettiness and malice quite foreign to his nature" and making him, temporarily at least, a garrulous and vindictive bore".

The book is not, however, without shortcomings. Errors have intruded both in the preparation of the manuscript and in the printing. In the Author's Note a justification is offered for the use of such archiac forms as "Boor", "Caffer" and "Cafferland", and on similar grounds "veldschoen" (p. 175) may be accepted, but there is no justification for such unusual forms of spelling as "forseen" (p. 13), "gulleys" (p. 34), "unforseen" (p. 78), "appartments" (p. 78), "pretentions" (p. 88), and "rythmical" (p. 163). The misspelling of names that demand exactness is even more serious: "Africaans" (Author's Note) "Colonel Jacob Glen Guyler" (p. 24), "Kosie river" (p. 48), "Kwart-kei" (p. 57), "Stormsberg" (p. 118), and "Dr. Spaarman" (p. 134).

What detracts even more from the value of this biography is the lack of elucidatory notes and of a more systematic bibliography, with the names of the authors in alphabetical order. There is no indication, for example, whether the recollections of Robert Story referred on page 9 have been published or not, or where the reader may consult the document written by Captain Stretch in 1877, describing the arrival of the Scottish party at the military outpost of Roodewal in 1820 (p. 33). Leitch Ritchie, one of Pringle's biographers, is mentioned more than once, yet his name does not appear in the bibliography and it is only by consulting other works that the reader may be fortunate enough to discover that Ritchie's *Memoirs of Thomas Pringle* were published in Moxon's 1838 edition of *Pringle's Poetical Works*, which, incidentally, is also not noted in the bibliography.

N. G. Sabbagha.

Bradlow, F. R. (intr.), *Robert Semple: Walks and Sketches at the Cape of Good Hope, 1805*. Pp. 34, 198, portret, vinet, faksimilee uitgawe, R4.90. A. A. Balkema, Kaapstad, 1968.

In toenemende mate word in die afgelope jare herdrukke uitgegee van ou reisverhale oor die Kaap. Elkeen van hierdie publikasies is belangrik. Nie omdat hulle altyd iets nuuts sê nie, maar veral omdat hulle feite wat ander skrywers noem dikwels bevestig of vanuit 'n ander gesigspunt belig.

Robert Semple se relaas is een van hierdie reisverhale. Hy is in 1766 in Boston (Mass.) gebore en kom in 1798 met sy vader en broer na die Kaap. In 1801 reis hy na Plettenbergbaai, in 1804 is hy in Londen. Vervolgens onderneem hy reise deur Suid-Europa, Klein-Asië, Noord-Afrika, Suid-Amerika en Duitsland. In 1815 word hy goewerneur oor die gebied van die Hudsonbaai-maatskappy in Kanada en 'n jaar later sneuwel hy in 'n binnelandse skermutseling.

Sy verblyf aan die Kaap val dus saam met die eerste Britse periode. Semple wandel baie rond en gee 'n uitvoerige beskrywing van Kaapstad en omgewing waarby hy blyk gee van 'n uitstekende opmerkingsvermoë. Volgens sy mening, moet die bevolking se karakter nog sy beslag kry, maar hy maak reeds 'n duidelike verskil tussen die bewoners van Kaapstad en die van die platteland.

Ons verneem baie oor die stad self, die mense en hul gewoontes. Hy meld die „endtjie rondstap" saans op straat, van huise wat gebou word en van die godsdiens. Hoewel hy slaweny 'n sosiale euwel beskou, val dit hom op dat die slawe aan die Kaap goed behandel word en dat daar dikwels 'n gemoedelike houding bestaan tussen

baas en slaaf. Semple meld heelwat oor die slawe se lewe en hul begrafnisgewoontes. Ons verneem ook iets oor die geologie van Seinheuwel en militêre verdedigingsmoontlikhede van Groenpunt. Sy beskrywing van die sonsopkoms vanaf Tafelberg gesien, hoef nie vir vandag se literêre weergawes terug te staan nie. In ooreenstemming met sy tyd vergas hy ons op alle gruwelike besonderhede van 'n teregstelling. Sulke noukeurighede vind ons ook in die relaas van die vergaan van die *Sceptre*. Ondanks die feit dat Semple nie vry is van snikkerige sentimentaliteit nie, gee hy tog ook blyke van 'n nugtere realisme. Sy beskrywing van 'n olifantjag, is vol aksie en spanning en vergelyk dit goed met enige ander jagverhaal.

In Augustus 1801 onderneem hy sy reis na Plettenbergbaai. Hy vertel uitvoerig oor die mense wat hy ontmoet. Party hiervan word ook genoem deur Van Rheenen, Lichtenstein en Paravicini di Cappelli. Met uitsondering van 'n enkele geval, is sy oordeel oor die mense baie gunstig en hy bewonder hul gasvryheid. Wel wys hy op swak onderwystoestande in die binneland en die treurige gevolge daarvan.

Dit is telkens weer opvallend hoe 150 jaar gelede so openlik oor militêre moontlikhede geskryf word sonder enige vrees om elders slapende honde wakker te maak. Semple is in hierdie opsig geen uitsondering nie. Die feite wat hy oor die Kaap noem, blyk, in vergelyking met ander skrywers, ruimskoots 'n betroubaarheidstoets te kan weerstaan.

Die boek is 'n baie welkome aanvulling tot die reeks tydgenootlike publikasies oor die Kaap. F. G. E. Nilant.

Hearder, H., *Europe in the Nineteenth Century*. Pp. XVI, 403, R4.25. Longmans, Londen, 1966.

Hierdie werk is die voorlaaste in 'n reeks wat ten doel het om 'n algemene geskiedenis van Europa vanaf die antieke tyd tot 1945 te wees.

Dié werk, wat die tydperk 1830-1880 behandel, is 'n werk wat, uit die aard van die saak, nie 'n indringende behandeling van hierdie tydperk ten doel het nie, maar tog reg laat geskied aan 'n tydperk wat gekenmerk word deur merkwaardige en soms radikale veranderings en vordering op o.a. politieke, sosiale en ekonomiese gebied.

As agtergrondskets en as aanknopingspunt tot die tydperk wat behandel word, word 'n oorsig gegee van die stand van sake in die verskillende Europese state teen 1830. Hierna word in afsonderlike hoofstukke aandag bestee aan die politieke opvattings van dié tyd, die groei van die industrie, vordering op landboukundige en handelsgebied, sosiale toestande, onderwysaangeleenthede, ens. in die verskillende Europese lande. Na behandeling van die Europese diplomatieke verhoudings en oorloë van dié tyd, word enkele hoofstukke gewy aan die politieke ontwikkelings en instellings van die state onder behandeling. Elke hoofstuk is van 'n uitvoerige bibliografie, bestaande uit werke handelende oor die onderwerp wat in die afsonderlike hoofstukke ter sprake kom, voorsien.

Wat die begrensing van die tydperk wat in hierdie werk onder bespreking kom betref, kan daar opgemerk word dat hoewel 1830 (in weerwil van die feit dat in die hoofstuk oor Europa in 1830, 1815 eerder as 1830 die uitgangspunt van die oorsig van die geskiedenis van die verskillende state vorm) as aanvangsdatum nog gangbaar is, dieselfde nie van 1880 as afsluiting gesê kan word nie. Ongetwyfeld sou 1870 in hierdie opsig 'n veel beter keuse gewees het.

Ten slotte kan daar opgemerk word dat bewerings soos dat Bismarck se alliansiestelsel 'n terugwaartse stap tot internasionale geweldpleging en anargie was (p. 164), 'n opmerking is wat vergesog skyn te wees. Ewe-eens stel die opmerkings wat oor Suid-Afrika (p. 314) gemaak word, sake nie altyd in die regte perspektief nie.

W. A. Stals.

Koch, G. F., *Die Kunstausstellung, Ihre Geschichte von den Anfängen bis zum Ausgang des* 18. *Jahrhunderts.* DM 74, pp. VII-324, 92 afb. Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1967.

Oor die geskiedenis van die kunsuitstalling, die invloed daarvan en die rol wat dit in die samelewing speel, is daar nog maar baie min gepubliseer. In hierdie boek word getrag om 'n oorsig van die verskillende gesigspunte wat met die kunstentoonstelling saamhang, te gee soos dit deur die eeue tot uiting gekom het. Dit was onmoontlik om so 'n oorsig tot die uitstalling self te beperk, daarvoor staan dit te veel in direkte verband met ander verskynsels: die kunshandel, die kunsmark, die kerklike gebruik van die kuns, die opdraggewer se bestellings, en baie ander.

Die eerste kunsuitstallings en verkopings vind reeds in die periode van 1,000 tot 700 v.C. plaas in Egipte en Korinte. Dit begin met 'n verkoopstalletjie op die mark. Al spoedig word die voorwerpe verdeel volgens soort, soos ons vandag ook in die oosterse basaar vir elke artikel 'n afsonderlike buurt of straat vind. Die hoeveelheid en prys word natuurlik deur die omstandighede beïnvloed en die Romeinse roof- en plunderekspedisies, wat groot hoeveelhede kunswerke na Rome laat kom het, het byvoorbeeld 'n geweldige uitwerking op die toenmalige kunshandel gehad.

Ook gedurende godsdienstige feeste is kunswerke uitgestal, veral wanneer daar 'n magiese of geneeskundige rol aan hulle toegeskryf is. Baie bekend is die prosessies en die kerkuitstallings gedurende die Middeleeue.

Die opkoms van die stede bring weer verder veranderinge. Die skilderkuns bepaal hom meer tot losstaande skilderye en begin hom konsentreer in die digter samelewing in die stede self. Daar is uitstallings in die werkswinkels, op jaarmarkte en kermisse, in toenemende mate onder toesig van die gildes. Die versameling van kunswerke word 'n onderwerp vir kapitale belegging en spekulasie, maar ook vir huisversiering en prestige. Hoedat dit in die 17de eeu en later uitgestal is, kan ons aflei van die gesellige weergawes van skilderye-kabinette deur Hans Francken, W. van Haecht, Gonzales Coques, en ander. Daar was ongetwyfeld 'n band tussen die skep van die kunswerk, die uitstalling en die versamel daarvan.

In Italië belewe die uitstalling in die 17de eeu 'n hoogtepunt. Die Barok kweek behoefte by die mens om hom deur middel van sy omgewing te uiter en te laat geld. Vir die eerste keer vind uitstallings van antieke kuns plaas. Volgens ons mening is sulke uitstallings, sowel in Italië as elders, sterk oorlaai, sonder enige wetenskaplike indeling en die kunswerke self kom nie afsonderlik tot hul reg nie.

Veral in Italië kry die uitstalling naderhand self waarde as 'n uitdrukking van sosiale omstandighede en weerspieëling van die heersende opvattings van die waarde van skoonheid en kuns. Reeds aan die einde van die 17de eeu begin die invloed van die akademisme oor die hele Europa soos 'n opvoedingsfaktor werk. In hierdie tyd is daar veral in Parys 'n sterk konsentrasie van kuns, aangemoedig deur die absolutisme van Lodewyk XIV.

Vanselfsprekend het dit alles 'n groot uitwerking op die houding van die publiek. Teen die helfte van die 18de eeu dwing kritiek die Akademie om sy beleid te wysig. Inmiddels het die kunstenaar geleer om nie langer net vir opdragte te werk nie, maar om ook aandag te gee aan uitstallings. Gevolglik is hy in toenemende mate geneig om die publieke smaak te volg en op die kunsontwikkeling het dit natuurlik geen gunstige uitwerking nie.

Die tentoonstellings-katalogus ondergaan 'n eie ontwikkeling en speel 'n belangrike rol. Die groot Salons vorm 'n vaste deel van die samelewing. Hulle verskaf die kunstenaar prestige en bekendheid en die kunsskeppers poog op allerlei maniere om die goedkeurende oog van hierdie Salons te trek.

Die weergawe op skilderye van die Salons se uitstallings toon nie net die kuns werke nie. Ons tref hier ook die reaksie van die besoekers aan, wat soms rustig staan en kyk, of anders vol opgetoë gebare met die arms swaai. Na verloop van tyd word die uitstalling self meer na die agtergrond geskuiwe en trek die besoekers die grootste aandag. Die skilderye het 'n soort van geselskapstuk geword. Eers na die Franse Rewolusie kry ook die kunstenaars sekere vryheid en steur hulle hul nie langer aan die verpligtings teenoor die geselskap nie.

Daar word uitvoerig ingegaan op die uitbreiding van die akademiese opvatting in Italië, Frankryk, Spanje, Engeland en Duitsland gedurende die 18de eeu. Allerlei bykomstighede speel 'n rol. Daar is kunsverenigings, verenigings van kunstenaars, die opkoms van die industrie, die waarde van 'n kunsprys. Wel is dit opvallend dat inmiddels die rol van die kunsuitstalling meer en meer oorheers word deur die nuttigheidsfaktor, maar op die agtergrond voltrek hom in die kuns, die ewige stryd tussen die kunstenaar, die instituut en die publiek, die sosiale en kunssinnige konflikte.

Ook vandag werk die kunstenaar vir sy uitstalling. Dit het sy voordele, maar bring ook ernstige nadele. Die kunstenaar kan hom te veel daarop toespits, waardeur sy werk dreig om 'n bedryf te word. Kuns kan neig tot kultuurindustrie, wat baie bruikbaar gemaak kan word vir prestige, vir propaganda en vreemdelingeverkeer. Die kunsuitstalling vorm vandag in die eerste plek die verbinding tussen die kunstenaar en die publiek.

Dit is 'n uitstekende boek oor 'n onderwerp waaroor min bekend is en waarvan die invloed deur die eeue heen tot die moderne tyd toe baie ernstige oorweging vereis.

F. G. E. Nilant.

Holm, dr. Erik, *Duister Kuns.* R3, pp. 116, ill. Eie edisie, Hartbeespoort, 1967.

Met verwysing na 'n sestal Renaissance skilderye probeer dr. Holm helderheid in duisternis te vind. As duister beskou hy in die eerste plek moeilik verklaarbare werke. Hy stel verder nadruklik die vraag hoe helder ons kennis vandag omtrent die ou meesters nou eintlik is. En ten slotte voel hy dat daar 'n gebrek bestaan aan grondige vertolking van kunswerke. Tereg wys hy daarop dat eers kennis en betekenis van 'n enkele werk noodsaaklik is alvorens mens tot waardering kan oorgaan. Na 'n lang periode van veronagsaming word eers in hierdie eeu inderdaad deur die kunshistorikus ook weer aandag bestee aan die inhoud van kunswerke. Die skrywer dwing ons deur sy betoog om elkeen van die skilderye of prente wat hy bespreek, baie grondig te bekyk.

Dr. Holm benadruk die feit dat ou kunswerke oorspronklik nie gemaak is om in 'n museum te hang nie. Veral by die triptiek van Grünewald kom dit baie sterk tot uiting. Die werke in ons museums is eintlik uit hul verband geruk.

Die inhoud van 'n aantal landskappe van Brueghel, waarvan nog altyd onseker is of hulle deel uitmaak van 'n reeks van maand- of dubbelmaand voorstellinge, bring die skrywer in verband met die vyf planete wat in daardie tyd bekend was: Mercurius, Venus, Mars, Jupiter en Saturnus. Ook die invloed op die mens wat destyds aan die planete toegeskryf was, en die diereriem kom ter sprake. Van Bosch is dit die *Tuin der Onkuisheid* (Madrid) wat bespreek word aan die hand van 'n kombinasie van teologiese en alchemistiese voorstellings, die invloed van mitologie en die astrologie. In werke van Giorgione vind die skrywer 'n strewe na die Christuskind weerspieël, 'n eerbied vir die lewensbronne en die kringloop van die menslike bestaan.

In drie werke van Albrecht Dürer, *Die Ruiter, Melangolia* en *Jeroen*, sien dr. Holm 'n uitbeelding van die moed, die wete en die geloof. Grünewald se *Isenheimer altaar* (Kolmar) is 'n simbool vir die uiterlike en innerlike reiniging van die mens. Ten slotte waag hy 'n toeskrywing vir elkeen van die figure op Rafael se *Skool van Athene en Parnassus* in die Stanza della segnatura in die Vatikaan.

Sommige verklarings wat dr. Holm van die werke gee, is aanneemlik, veral by die werke van Dürer en Grünewald. Maar, soos in die voorwoord vermeld word, probeer skrywer sy doel bereik sonder al te veel wetenskaplike apparaat. Dit is baie jammer. Dr. Holm is baie belese, aan elke hoofstuk (behalwe oor Rafael) is 'n kort bronnelys toegevoeg waaronder die meer onlangse belangrike publikasies wat op die hoofstuk betrekking het, genoem word.

Wanneer ons ons beperk tot die hoofstuk oor Bosch en die mening wat dr. Holm hierin benadruk, sou dit interessant wees om dit te kan vergelyk met ander skrywers. 'n Poolse skrywer het in 'n tydskrifartikel die drieluik in verband gebring met astrologie (*Material for the Iconography of Hieronymus Bosch's Triptych the Garden of Delights*, in: *Studea Muzcaine* V, 1966, bl. 49-95). Dr. Holm kom tot dieselfde gevolgtrekking en mens sou graag wil weet in hoever die menings van R. Biedrzynski, A. Spyschalska-Boczkowska en dr. Holm ooreenkom (werke in Boedapest (kopie) en Madrid).

Die oplossings waartoe dr. Holm kom, is noodsaaklik eensydig, soos ons dit telkens in die kunsgeskiedenis en die geskiedenis weer aantref. Maar, waar prof. J. Bruyn so 'n oplossing soos een van 'n aantal invloede en oplossings beskou, bring dr. Holm dit vol konsentrasie na die voorgrond. Die voorstelling dreig om uit verband geruk te word.

Die taalgebruik is duidelik en ondanks die filosofiese probleme is die boek maklik leesbaar. Ek maak beswaar teen die woord verwulf wanneer *gewelf* bedoel word, sekerlik wanneer dit ook nog in byvoeglike sin gebruik word. Die boek is netjies gedruk, die afbeeldings is duidelik; die grys buiteband maak 'n aantreklike indruk.

F. G. E. Nilant.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Brampton, C. K., *History teaching atlas*, and note book of British and world history from the earliest times to 1960 completely revised and redrawn. 30s, pp. 80. Wheaton, A member of the Pergamon Group, Exeter, 1968.

Helm, P. J., *England under the Yorkists and Tudors* 1471-1603. (The Bell Modern Histories Series). 37s 6d, pp. XII. 372. G. Bell and Sons, Ltd., 1968.

Ludock, Elizabeth, *The reign of the Conqueror*. (Illustrated by David Haris). 17s. 6d. pp. VII, 168. Wheaton, a member of the Pergamon Group, 1968.

Oberholster, J. J., *Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente, Jacobsdal*, 1860-1960. pp. 152. Uitgegee deur die N.G. Gemeente Jacobsdal en gedruk deur die Sentrale Pers, Bloemfontein, 1960.

Opperman, D. J., *Voëlvry*. Kroniekspel van 'n voortrek. Pp. 80. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1968.

Pretorius, W. G., *Die Kommunisme. Fabel en feit*, R3, pp. 399. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968.

Van Wyk, At, *Kniel, krygsman*. Genl. C. R. de Wet — 'n historiese roman, pp. 319. Buren-uitgewers, Kaapstad, 1968.